## WELKOM

Die bestuur van die Villieria Tennisklub heet all nuwe lede hartlik welkom by die klub en vertrou dat hulle gou sal tuis voel en inskakel by die klub se aktiwiteite. Die volgende inligting word graag met die nuwe lede gedeel.

## LIDMAATSKAP EN LEDEGELD

1. Ledegeld is streng vooruit betaalbaar op die eerste Saterdag van die maand.

2. Op 'n bestuursvergadering gehou op 18 Julie 1996 is die volgende besluit geneem:

   - Afslag sal toegestaan word ten opsigte van ledegeld wat vooruit betaal is;
   - Boetes sal op agterstallige ledegeld gehef word.

3. Die volgende afslag / boetes is van toepassing:

   - 6 maande vooruit betaling / agterstallig: 5%
   - 12 maande vooruit betaling / agterstallig: 10%.

4. Beëindiging van lidmaatskap moet skriftelik aan die sekretaresse gestuur word. (lizelle.fourie@emid.co.za)

## KLEREDRAG

Slegs erkende tennisskoene en tennisdrag word op die tennisbane toegelaat.

## GEBRUIK VAN FASILITEITE

1. Lede, sowel as gaste en besoekers wat van die tennisbane en/of klubhuisfasiliteite gebruik maak, moet die fasiliteite respekteer.
2. Geen fietse, rolskaatse, skaatsplanke ens. word op die tennisbane toegelaat nie.
3. Niemand mag deur die oop vensters klim nie.
4. Koeldrank- en ander drankblikkies / bottels asook papiere moet in ‘n asblik geplaas word.
5. Koeldrankbottels / -blikkies en tennisblikke wat op die baan geneem word, moet verwyder word na afloop van spel.
6. Geen drank word op die bane toegelaat nie.
7. Rook in die klubhuis is verbode.
8. Sigaretstompies moet in die asblikke gegooi word en nie enige plek rondom die klubhuis en bane nie.
9. Lede / besoekers word nie in die kombuis toegelaat nie. Slegs die bestuurslid aan diens mag die kombuis betree.
10. Skottelgoed soos glase en koppies wat gedurende die week en Saterdagaande gebruik word, moet na die kombuis teruggeneem, gewas en gebêre word. Die kombuis moet netjies gelaat word na ‘n braai op ‘n Saterdagaand en tennis op ‘n Donderdagaand.
11. Lede word versoek om te help om vol asblikke in die klubhuis in die trollie-asblik leeg te maak.
12. Uit respek vir lede wat besig is met spel, word geen musiek op selfone of draagbare luidprekers op die bane of om klubhuis toegelaat nie.

**SOSIALE SPEL WEEKSDAE EN SATERDAE**

**WEEKSDAE SOSIALE SPEL**

Indien jy in die week oefen en al die bane is beset en daar is lede wat wag vir 'n baan, geld die volgende reëls:

1. Oefening met 'n balmasjien word beperk word tot 20 minute.
2. Enkelspel word beperk tot slegs 1 stel of 30 minutes.
3. Indien jy sou verkies om dubbels te oefen, nooi die lede wat wag om saam met jou dubbels te speel.
4. Wanneer skoliere op leë bane speel vir ekstra oefening, moet werkende lede voorkeur geniet wanneer hulle by die klub aankom tydens spitstyd – 16:00 – 18:00
5. Sosiale spel op Donderdagaande word op dieselfde manier hanteer as sosiale spel op Saterdae.
6. Afrigters gebruik 2 bane in die middae vir afrigting.
7. Hoërskool Oos-Moot en Laerskool Villieria gebruik ons bane vir skoolliga en is gewoonlik teen 16:30 klaar.
8. Die koste van baanligte is R20 per uur en moet soos volg gereël word:

    - Betaling moet in die klub se rekening gemaak word. Bankbesonderhede kan by die sekretaresse verkry word.
    - Bewys van betaling moet aan Christoffel Groenewald (083 474 6127) gestuur word sodat jou krediet op die klub se "App" gelaai kan word.
    - Die ligte moet met behulp van die "App" aan- en afgeskakel word.

**SATERDAE SOSIALE SPEL**

Die naambord werk soos volg:

1. Maak seker jou naam is op die bord.
2. As jou naam voor is, kan jy uit die eerste agt name kies om saam met jou dubbels te speel.
3. Indien jou naam op die bord is en jy word gekies, moet jy speel.
4. Moet asseblief nie die volgorde van die name op die bord verander nie.
5. Wanneer die wedstryd verby is, moet die wenners se name en dan die verloorders se name aan die einde van die lys geplaas word.

**BESOEKERS**

Besoekersfooi is R50.

**VRYWARING**

Lede, gaste en besoekers betree en gebruik die klub, fasiliteite, tennisbane uitsluitlik op eie risiko. Die klub, sy bestuur en lede sal op geen manier verantwoordelik of aanspreeklik gehou word vir enige persoonlike beserings of skade aan enige persoon se eiendom nie.